Die versorging van gewasse uit 'n bemestingsoogpunt

Die ouer garde het 'n gesegde gehad wat vandag nog geld – voorsorg is die beste nasorg. Vir die bemesting van enige gewas is daar geen beter raad nie. Die ekonomiese druk het die afgelope aantal jare so toegeneem dat boere geen kanse meer kan vat nie.

Die opbrengspotensiaal van landbougewasse het danksy goeie genetika so toegeneem dat daar meer gespesialiseerd na bemesting gekyk moet word. Die beginpunt van enige sinvolle bemestingsprogram is deeglike grondmonsters wat deur iemand met ondervinding geïnterpreteer kan word. Dan kan 'n behoorlike bemestingsprogram saamgestel word. Verby is die dae waar ek my buurman se voorbeeld gebruik en ook 3:2:0 toedien. Geen twee lande se ontledings is presies dieselfde nie, wat nog van twee verskillende plase se grondontledings en bemestingsprogramme.

'n Tendens wat tot verbeterde bemesting gelei het is die aantal pasgemaak mengaanlegte wat 'n produk kan vermeng spesifiek vir individuele omstandighede. So het die inmeng van sinksulfaat groot reaksie uitgelok. Op dié manier kan ekstra swael, boor, kalsium, magnesium, koolstof en ook organiese materiaal ingemeng word vir verhoogde opbrengs.

Die vraag is, wat kan gedoen word vir 'n oes wat reeds op die land staan? Blaarmonsters is 'n puik hulpmiddel wat tekorte kan uitwys, dit neem egter tyd. 'n Ander baie goeie hulpmiddel is om met 'n refraktometer die suikerinhoud (Brix) van die gewas te bepaal. Indien dit korrek gebruik word, kan dit 'n uitstekende hulpmiddel wees. So kan blaarvoeding dan toegedien word, soos die Zinchem-reeks wat doelgemaak is vir spesifieke gewasse.

In die meeste gevalle kan ons tot en met die begin van die reproduktiewe stadium van graangewasse nog vrugaanpassings en regstellings maak.

Artikel deur Jorrie Jordaan, Driehoekkunsmis

Onthou ook die ou gesegde van 'die oog van die meester maak die perd vet' of 'die beste kunsmis is voetspore in die land'. Die manne van Dfert / Driehoek wens Suidwes Landbou se boere almal voorspoed toe.